## 11.6 ADVERTERING DEUR EIENDOMSAGENTE (10/3/B - BGD)

### DOEL VAN VERSLAG

Oorweging van ‘n beleid ten opsigte van die vertoon van TE KOOP, VERKOOP en OP SKOU borde deur Eiendomsagente. Sien aangehegde bladsy 91 ten opsigte van Eiendomsagente vir die “South African Manual For Outdoor Advertising Control” (SAMOAC) Beleid.

### AGTERGROND

Kragtens Artikel 22 van die Standaard Regulasies insake Advertensietekens word enige onverligte teken wat nie oor ‘n openbare straat uitsteek nie en hoogstens 0,20m² in oppervlakte is, wat alleenlik bekend maak dat die perseel waaraan dit bevestig is, TE KOOP of TE HUUR is of dat loseerders en kosgangers daarin opgeneem kan word, vrygestel van die vereiste dat daar vir so ‘n teken aansoek gedoen word, met dien verstande dat slegs een sodanige teken op enige openbare straatfront van sodanige perseel vertoon word.

Artikel 22 plaas dus nie ‘n beperking op die hoeveelheid tekens wat gelyktydig op ‘n perseel vertoon mag word nie. Die vertoon van TE KOOP en VERKOOP borde sowel as OP SKOU borde het veral op ons stranddorpe totaal onaanvaarbare afmetings aangeneem. Daar word tot soveel as 10 borde tegelyk op ‘n perseel vertoon. Hierdie aangeleentheid ontsier ons dorpe en gee aanleiding tot baie klagtes.

Die SAMOAC Beleid soos aan u voorgehou maak voorsiening vir die plasing van een bord per agent en maksimum 2 agente mag gelyktydig op ‘n perseel adverteer (dus 2 borde per perseel). Na samesprekings met die meeste eiendomsagentskappe wat in die Kaap Agulhas Munisipaliteit gebied opereer blyk dit dat slegs 2 borde per perseel die kleiner agentskap sal benadeel en dat 3 borde per perseel ‘n meer aanvaarbare norm sal wees.

Die grootte van die borde word kragtens die Standaardregulasies beperk tot slegs 0,20m² terwyl die SAMOAC Beleid ‘n grootte van 0,55m² voorstel. Die meeste borde soos tans in gebruik = 0,6 x 0,45m dus 0,27m². Ons wil juis die impak van hierdie borde verlaag en daarom is die mening dat ‘n bord van maksimum 0,3m² voldoende is.

Die vertoon van VERKOOP en OP SKOU borde is nie vrygestel van die verpligting om aansoek te doen vir die vertoon daarvan nie. Die vertoon van die VERKOOP - “SOLD” borde hou geen voordeel in vir die publiek nie en is slegs ‘n advertensie vir die betrokke agentskap en behoort nie toegelaat te word nie.

OP SKOU - “ON SHOW” borde word ook misbruik deurdat dit vir weke en selfs maande vertoon word sonder dat die betrokke eiendom werklik op skou is.

SAMOAC maak nie melding van op Skou borde nie en moet die beleid diensooreenkomstig aangepas word.

***BESTUURSAANBEVELING***

(i) Dat kragtens Artikel 25 van die Standaard Regulasies insake Advertensies, die bepaling van Artikel 22(2)(vii) van dieselfde regulasie, verslap word om 'n TE KOOP bord met 'n oppervlakte van 0,3m² toe te laat.
(ii) Dat hoogstens 3 TE KOOP borde (slegs een per agentskap) op 'n perseel vertoon mag word.
(iii) Dat die beleid ten opsigte van agentskapborde aangesuiwer word om voorsiening te maak vir OP SKOU borde en wel as volg:

1. Aansoek moet gedoen word vir die vertoon van sodanige bord.
2. Grootte van bord = maksimum 0,3m².
3. Slegs 1 bord op die betrokke perseel is toelaatbaar.
4. Maksimum tydsduur van OP SKOU eiendom is 4 dae.
5. OP SKOU borde mag 24 uur voor die aanvang van die skou vertoon word en moet onmiddellik na afloop van die skou verwyder word.
6. 'n Persoon moet tydens die skouperiode op die betrokke eiendom beskikbaar wees vir navrae.
7. Rigtingwysers met maksimum grootte van 0,3m² mag vir die duur van die skou aangebring word op 'n posisie soos deur die Boukomitee goedgekeur.
8. 'n Maksimum van 3 eiendomme mag per geleentheid deur 'n agentskap op skou wees.

(iv) Dat geen VERKOOP - "SOLD" borde vertoon mag word nie.
(v) Dat die Beleid aan eiendomsagente versprei word.

***AANBEVELING: GEMEENSKAPSDIENSTE KOMITEE***

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word, met die onderstaande wysigings:

(i) Dat in (ii) die syfer 3 met die syfer 4 te vervang.
(ii) Deur in item (iii) die woorde "per dorpsgebied" na die woord eiendomme in te voeg.
(iii) Item (iv) te vervang met "Dat VERKOOP - SOLD borde vertoon mag word vir 'n tydperk van 14 dae nadat goedkeuring deur die Raad verleen is."

**(*Raadslid D Jantjies teken sy teenstem aan teen die aantal bordjies.*)**

***BESLUIT BK50/2004***

Dat die aanbeveling van die Gemeenskapsdienste Komitee aanvaar word.